# OM 'N STORIE TE VERTEL

## Staaltjies oor Paul Kruger

Met dank teenoor DIE TAALGENOOT vir die reg om hierdie artikel te herdruk.

Die eenvoudige, opregte mens: PAUL KRUGER, in wie se hande die leiding van sy volk gegee is op 'n stadium toe alleen 'n man van buitengewone formaat leiding kon gee, het oor die jare heen uitgegroei tot veel meer as 'n staatspresident wat aan 'n bepaalde tydvak en plek gebind is. Die talle staaltjies wat oor hom vertel word, belig die menslike sy van die ou President.

Paul Kruger se diep godsdienstige sin is een van die mooi eienskappe in sy karakter. Die skepping van God was iets wat vir hom hoog verhewe bo die mens was. Toe Anton van Wouw, die beeldhouer, eendag besig was om met klei 'n standbeeld van Kruger te maak, het die President vir 'n lang tyd stil gesit en kyk hoe hy klei aanmaak. Meteens sê hy: "Van Wouw, jy moenie dink dat jy God is nie!" Die sagaardige, nederige kunstenaar skrik en vra: "President, wat bedoel u?" "Kyk," antwoord Paul Kruger, "die Heer het ook die mens uit klei gemaak; maar Hy het hom lewend gemaak. En dit kan jy nie doen nie!"

Paul Kruger het nooit geskroom om sy godsdienstige getuienis af te lê nie. So vertel oudpresident F.W. Reitz dat die Joodse rabbi en sy kerkraad vir Paul Kruger na die inwyding van hulle sinagoge in Johannesburg genooi het. Die President het toegestem op voorwaarde dat hy die reg sou hê om te spreek wat op sy gemoed lê. Die rabbi en sy kerkraad het ingestem.

Toe die President in die Tempel opstaan met die plan om Christus aan die Jode te verkondig, het die visepresident, kommandant-generaal Piet Joubert, hom aangeraai om met sy toespraak te wag tot die feesmaal wat daardie aand sou plaasvind. Dit het hy gedoen en die Jode daardie aand op 'n sonderlinge tafelrede getrakteer.

Hy het, met 'n menigte aanhalings uit die Ou Testament, sy Joodse gashere daarop gewys dat die koms van die Messias deur hul eie profete voorspel is.

Hierdie eienskap om eerlik en reguit te praat, word ook weerspieël in 'n insident wat op Pietermaritzburg gebeur het. Met die opening van die Natalse spoorweg tot by Charleston het die Natalse regering vir Paul Kruger, die Volksraadslede en die hoë staatsamptenare van die Z.A.R. na Natal genooi. Die President is ook na die groot staatsbal genooi. Na oorlegpleging met sy mense het hy besluit dat, aangesien hy in sy amptelike hoedanigheid genooi is, hy die dansparty sou moes bywoon. Hy het egter besluit om nie lank by die dans te bly nie. Toe hy die danssaal onder die speel van die Transvaalse Volkslied binnestap, staan almal op. Hy maak sy buiging, kyk rond en sê: "Wag, ek sal maar gaan, ek sien die dames is nog nie aangetrek nie".

Daar word veral baie staaltjies oor Paul Kruger se jagavonture en sy optrede teenoor die inboorlinge vertel. As jong seun was Paul Kruger al baie vernuftig in die veld. As seuntjie was hy gewoond om in die erdvarkgate te kruip en die ystervarke uit te haal. Hy het dit gedoen deur 'n klomp bossies tot 'n ronde bal, wat amper so groot soos die gat was, te rol. Wanneer hy in die erdvarkgat ingekruip het, het hy met sy linkerhand die bal voor hom as 'n skild gehou. As die bal dan teen die vark raak, steek hy sy regterhand onder die bal deur en haak 'n lus om die vark se agterpoot. Die mense wat buite die gat gewag het, het dan die vark uitgesleep.

Paul Kruger was 'n buitengewoon goeie skut maar hy het ook sy ongelukkige dae gehad. Een Sondag was hy en sy familie per ossewa op pad. Hulle kosvoorraad was uitgeput en almal was baie honger. Sy vrou wou toe hê dat hy iets moes skiet, maar hy wou nie omdat dit Sondag was. Toe hulle later twee elande aan weerskante van die pad sien, besluit oom Paul dat die kalf in die put is en dat hy maar op die Sondag sal moet skiet. Hy besluit toe om die bok aan die regterkant van die pad te skiet en stap toe met sy pangeweer soontoe. Op die kritieke tyd weier die ou Sanna om af te gaan. Toe hy omdraai om na sy wa terug te stap, gaan die skoot af. Paul Kruger stap egter aan sonder om om te kyk. "Dit kom van op Sondag skiet," sê hy aan sy vrou toe hy by die wa kom.

"En wanneer gaan haal jy die eland?" vra sy vrou. Toe Paul Kruger omdraai en terugkyk sien hy dat hy mooi die bok aan die linkerkant van die pad doodgeskiet het.

Kort nadat hy President geword het, was Paul Kruger verplig om van Heidelberg na Rustenburg te gaan omdat Magato en sy mense baie oproerig geword het. Toe oom Paul daar aankom, was Magato en 'n klomp van sy manne baie parmantig. Magato steek toe sy hand uit om die President te groet. Paul Kruger gryp sy hand vas en sit hom met een beweging onder. Magato se manne was so verstom dat hulle nie 'n vinger verroer het nie. Toe staan Paul Kruger op, neem Magato aan sy arm en lei hom na sy tent waar hulle vrede sluit.

Hy wou slegs deur intieme kennisse en bloedverwante as "oom" aangespreek word — maar nie deur Piet, Paul en Klaas nie. Een keer, toe hy op Bloemfontein was, was daar 'n welbekende politieke predikant wat hom tot vervelens toe aan die President opgedring het en "staatkundige" praatjies verkoop het. "Oom Paul", sê hy toe op 'n keer, "gee bietjie jou tabaksak". Die President kyk hom stip aan, oorhandig die tabak en sê: "Maar ek het darem nie geweet dat ons familie van mekaar is nie". Dit was 'n raakskoot.

Spitsvondigheid was een van Paul Kruger se kenmerke. Paul Kruger en die Britse Hoë Kommissaris het mekaar op Colesberg ontmoet. Die Hoë Kommissaris wou Paul Kruger ompraat om in die Swazilandgeskil te maak soos hy wil hê. Hy wou oom Paul sommer met die intrap oortuig dat hy 'n veel beter insig in die probleem het as die President. "Jy weet", sê hy toe aan oom Paul, "ons Engelse het 'n spreekwoord wat sê: 'Onlookers see most of the game' ". Oom Paul antwoord toe: "Ja, en ons Hollanders het 'n spreekwoord wat sê: die beste stuurman staan aan wal".

Paul Kruger was 'n eerlike man met sterk oortuigings. Soms kon hy egter baie onstuimig word. Nou het hy die gewoonte gehad om, as hy voel dat hy sy humeur gaan verloor, op te staan en 'n bietjie water te gaan drink. Dan

was hy weer kalm en bedaard. Op 'n sekere dag, tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Raad, het hy egter nie hierdie goue reël toegepas nie en woes uitgevaar teen 'n lid van die Raad wat vân hom verskil het. Dit was ook by oom Paul 'n gewoonte om 'n kardoessakkie dadels in sy sak te dra. Daar word beweer dat hy dit gedoen het omdat sy geneesheer hom aangeraai het om dadels vir sy gesondheid te eet.

Die President het intussen berou gekry oor die wyse waarop hy die Raadslid aangespreek het. Toe die Raad die volgende oggend weer bymekaar kom, het die President 'n dadel uit sy kardoesie geneem, en sonder om 'n enkele woord te sê, dit voor die beledigde lid neergelê. So is die dadelvrede gesluit.

Paul Kruger het 'n growwe basstem gehad en was 'n strawwe roker wat byna nooit sy pyp laat koud word het nie. Hy het nooit enige sterk drank gedrink nie. Toe hy in Nederland was, het 'n deputasie van 'n afskaffersvereniging hom genader met die versoek dat hy hulle ere-voorsitter moes word. Die President se antwoord was: "Ek behoort net aan een Vereniging, en dit is my Kerk".

Die ou President het gewoonlik om agtuur saans gaan slaap. Dan staan hy soggens om tweeuur op, drink 'n koppie koffie, werk 'n paar uur en gaan dan weer 'n rukkie lê tot om sesuur. Presies om tienuur soggens was hy op kantoor.

G R von Wielligh wat as landmeter van die Z.A.R. al die Volksraadslede en die vernaamste amptenare geken het, vertel dat generaal Piet Joubert, in teenstelling met Paul Kruger, nie gerook het nie en ook 'n fyn, skril stemmetjie gehad het. Hy was 'n ernstige mens wat die gevatheid van 'n Paul Kruger gemis het. Tog kon hy mense by wyle met beeldspraak of 'n gelykenis verras. Omdat hy so geweldig gesnork het, was dit moeilik om saam met hom in dieselfde vertrek te slaap. In die opstel van geskrewe stukke het hy Paul Kruger oortref. Maar volgens Von Wielligh was die President 'n meester om 'n geskrewe stuk te beoordeel, saam te vat en op verdienstelike en gevaarlike punte te wys.